BELANGRIKE REËLS I.V.M. SKOOLDRAG VAN HEBRON CHRISTENSKOOL

Maak seker dat u vertroud is hiermee.

Skooldrag word by die skool aangekoop. Tekkies, sokkies, truie, reënbaadjies en haarbenodigdhede kan by enige kettingwinkel, bv. Woolworths, Pick 'n Pay of Ackermans gekoop word. Reënbaadjies vervang nie skoolbaadjies nie.

Uiteensetting van skooldrag en bykomstighede. Somerdrag:

Dogters:	**Seuns:**
Kortmou of moulose gholfhemp	Kortmou of moulose gholfhemp
"Scooter skirt (Wrap)" of ¾ broek (nie te kort nie)	Kortbroek
Kaalvoet, vlootblou "crocks" of	Kaalvoet, vlootblou "crocks" of
wit tekkies (sien winterdrag) en wit sokkies	wit tekkies (sien winterdrag) en wit sokkies

Geen plakkies of anderkleurige "crocks" mag gedra word nie.

Liggaamsoefeninge en sport

Bogenoemde skooldrag word ook gedra tydens liggaamsoefeninge en mét wit tekkies (sien winterdrag) vir sport. Dogters mag seuns-kortbroeke dra vir sport indien hulle dit verkies. Wit sokkies moet gedra word by somerskooldrag en sport!
HCS pette/hoede is te koop by die skool. Dit word tydens die atletiek-byeenkomste en uitstappies gedra en is verkieslik vir die nuwe graad 1's omdat dit so warm is.

Uitreike/Uitstappies

Tydens uitstappies gedurende die somer moet leerlinge somerdrag dra **mét wit** sokkies en wit tekkies (sien winterdrag) of vlootblou "crocks". Indien dit koel is, mag 'n sweetpakbaadjie of volledige sweetpak gedra word - geen "crocks" mag dan gedra word nie, slegs voorgeskrewe tekkies.

Winterdrag:

Dogters:	**Seuns:**
Langmou of kortmou gholfhemp	Langmou of kortmou gholfhemp
Vlootblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui	Vlootblou V-nek-, oopknoop- of moulose oortrektrui
Volledige sweetpak (geen rekke om enkels van sweetpakbroeke)	Volledige sweetpak (geen rekke om enkels van broeke)
Reënbaadjie wanneer nodig	Reënbaadjie wanneer nodig
Slegs vlootblou serpe	Slegs vlootblou serpe
Kort (wit) sokkies wat bokant die tekkie omslaan	Kort (wit) sokkies
(Geen "wegsteek" sokkies)	(Geen "wegsteek" sokkies)
Tekkies: **Wit met vlootblou**	Tekkies**: Wit met vlootblou**
(Geen modetekkies en sokkies nie!)	**(Geen modetekkies en sokkies nie!)**

Haarbykomstighede vir dogters:

Indien die hare aan die kraag raak, moet dit vasgemaak word.
Indien die hare in die oë hang, moet dit vasgesteek word of 'n 'Alice-band' moet gedra word.
"Alice-band", "scrunchies", haarrekkies en rekkies met balletjies: **Navy.**
Haarknippies: Navy of die gewone knippies (swart of silver)
Geen rekbare kopbande mag gedra word nie!

Oorringe/Grimering: Slegs goue of silwer 'studs of sleepers'. Slegs een oorring per oor word toegelaat.
GEEN GRIMERING EN NAELLAK NIE! (ook nie saam met gewone klere nie 'civvies')

Seunshare: Hare mag nie aan hul ore of krae raak nie en die hare voor hul ore ("sidies") mag net tot middel van oor kom en nie tot by oorbel of langer nie. Geen moderne style nie.

Spesifikasies

1. Alle klere moet asb. duidelik gemerk wees.
2. Somerskooldrag word gedra vir die duur van die eerste kwartaal.
   Vanaf die begin van die 2de kwartaal mag leerlinge somer- of winterdrag dra tot aan die einde van April.
   Vanaf 1 Mei word slegs winterdrag gedra tot aan die einde van die derde kwartaal.
   Van die begin van die vierde kwartaal tot die einde van Oktober mag leerlinge weer somer- of winterdrag dra.
3. Indien dit vir 'n leerling op 'n bepaalde dag onmoontlik is om by die skooldragreëls te hou, bv. weens 'n besering of ander onvermydelike omstandighede, moet ouers asb. 'n briefie stuur.

Vanaf 1 November mag leerlinge slegs somersdrag dra.

LET WEL:
Gedurende die tye wanneer leerlinge somer- óf winterdrag mag dra, moet hulle streng volgens die een óf die ander aantrek. Wanneer winterdrag aangetrek word, **moet** sokkies en tekkies aangetrek word! Hulle mag nooit 'n langbroek aantrek sonder tekkies nie!